# Volks Konsilie – Vryburg April 2025

Die video is beskikbaar op: YouTube: Geloftevolk op pad na vryheid.

https://youtu.be/9-SHyQnriuk?si=1NfNzeBfQD8yad3c "

## HABAKUK 3:16-19

Habakuk het gelewe in die finale dekades van Israel se suidelike Koningryk – in die Israel koningryk van Judah. 585 BC -586 BC. Dit is toe Judah in die hande van die Chaldeers geval het. Dit was binne Israel dieselfde tyd van onreg en afgodery. Habakuk sien die opkomende gevaar van Babilon op die horizon, en dit was vir niemand in Judah goeie nuus nie. Maar anders as al die ander Profete voor sy tyd, blameer Habakuk nie vir Israel nie, oor hulle ongeregtighede nie. Habakuk spreek ook nie namens die Volk Israel met YHWH nie. Inteendeel al sy woorde is geadresseer persoonlik aan Vader YHWH self. Hierdie boek vertel van die persoonlike interaksie van Habakuk met Vader YHWH.

Dit is Habakuk se oortuiging om te glo dat YHWH goed is, in n tyd waar daar soveel onreg , en tragedie, en boosheid in die koningryk van Judah is. Dit was in hierdie wereld waar Habakuk geleef het.

Die woorde van Habakuk is soos gedigte van klaagliedere en hulle is baie dieselfde, soos ons kry in die hoofstukke van die Psalms. Habakuk rig n klagte en trek daarmeee die aandag van YHWH om al die verdrukking en onreg in sy wereld raak te sien. Hy dring daarop aan by YHWH om iets daaromtrent te doen. Hy weet ook dat YHWH weet van sy klaaglied. Dit openbaar die sleutel van die ontwerp en van die boodskap van die kort boek van Habakuk sodat ons beter te kan verstaan.

Ek is daarvan oortuig, dat u vandag ook net soos Habakuk, glo dat Vader YHWH ons sal help op die regte tyd, uit al hierdie slegte

omstandighede waarin ons, ons self bevind en waarin die volk tans verkeer.

## *Ons worstel ook baie keer soos Habakuk ook hier worstel:*

(Háb 1:2) Hoe lank, o YHWH, roep ek om hulp, maar U hoor nie;

skreeu ek tot U: Geweld! —maar U help nie?

(Háb 1:3) Waarom laat U my onreg sien en aanskou U die moeite!

Ja, verwoesting en geweld is voor my oë; en daar is stryd, en twis begin.

(Háb 1:4) Daarom verloor die wet sy krag, en die reg kom nooit meer te voorskyn nie;

want die goddelose omsingel die regverdige, daarom kom die reg verdraaid te voorskyn.

***Vader YHWH antwoord hier:***

(Háb 1:5) Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom;

want Ek gaan iets in julle dae doen, wat julle nie sal glo as dit vertel word nie.

(Háb 1:6) Want kyk, Ek gaan die Chaldeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie wat trek deur die wydtes van die aarde, om wonings in besit te neem wat aan hom nie behoort nie.

***Habakuk Reageer hier:***

(Háb 3:16) Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe;

my lippe het getril by die geluid,

bederf het gekom in my gebeente,

ja, ek het gebewe waar ek staan,

omdat ek rustig moes wag op die dag van benoudheid,

dat dit aanbreek vir die volk wat op ons ‘n aanval maak.

***Habakuk bewys sy geloof hier:***

(Háb 3:17) Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie,

die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie,

die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie—

(Háb 3:18) nogtans sal ek jubel in YHWH, ek sal juig in die God van my heil.(YHWH my redder)

(Háb 3:19) YHWH die ALMAGTIGE is my sterkte,
en Hy maak my voete soos dié van herte,
en Hy laat my tree op my hoogtes.
Vir die musiekleier op snaarinstrumente.

Hoofstukke 1 en 2 van Habakuk, is geraam in argumente tussen Habakuk en Vader YHWH. Dit is ook hier waar hierdie Profeet twee klagtes aan vader YHWH voorle en waar Vader YHWH reageer op hierdie twee klagtes van Habakuk.

Sy eerste klagte: die lewe in Israel het ondraagbaar geword. Die Torah word verwaarloos, en lei tot geweld en onreg. Dit alles word deur die korrupte leierskap van Israel geduld. Habakuk mirmureer en vra Vader YHWH om iets daaromtrent te doen. Dit kom dan oenskynlik voor asof daar niks verander nie.

En dan eweskielik is daar reaksie van Vader YHWH. Habakuk verneem van Vader dat Hy baie bewus is van die korrupte samelewing in Israel. YHWH gaan die magte van Bailon saamroep om Sy geregtigheid op Israel af te dwing. Net soos in die geval van die Profete Migah en Jesajah. YHWH gaan soortgelyk die vreesaanjaende/ skrikwekkende ryk gebruik om Israel te onderdruk as gevolg van hulle onreg en boosheid.

Maar Habakuk het n probleem met hierdie antwoord van Vader YHWH . Daarop word die tweede klagte van Habakuk tot Vader Yhwh gerig. Hy verduidelik dat Babilon meer boos is as Israel, hulle is meer korrup en meer geweldadig as Israel. Hulle behandel mense soos diere , maak mense bymekaar soos visse in nette. Hulle verslind etniese nasies en maak mense bymekaar om groot groepe te maak om ander te onderdruk.

Klink dit miskien vir u bekend?

En hiermee het Habakuk n probleem, hoe kan die Groot en Magtige YHWH, sulke korrupte, moordadige Volk gebruik, as instrument teen Israel. Habakuk dring aan op n antwoord van Vader YHWH.

Habakuk verhef homself as die die Wagter op die muur oor Israel, die Basuinblaser op die mure van Jerusalem, wagtend op Vader YHWH vir n antwoord . Uitendelik het die antwoord ook gekom.

(Háb 2:2) Toe antwoord YHWH my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees.

(Háb 2:3) Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie:

YHWH antwoord Habakuk nie na wat hy wil he nie, maar na wat YHWH wil he…

(Háb 2:4) Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.

So wat is die Goddelike opdragte wat Habakuk veronderstel is om neer te skryf op die kliptafels. Dit bring ons by die redes waarom YHWH Babilon sal vernietig. Die geweld en onderdrukking van volke sal die grimmigheid van YHWH aktiveer en YHWH sal wraak op Babilon neem, wat tot hul vernietiging sal lei.

Die feit dat YHWH vir n tyd lank n korrupte nasie gebruik, beteken nie dat YHWH hul dade goedkeur en onderskryf nie. Hy sal elke nasie verantwoordelik hou en aanspreeklik hou vir hul dade, en elke nasie soos Babilon, sal vernietig word.

YHWH brei uit op Sy Godelike uitsprake, deur vyf ellendes wat sal wag op die nasies, en beskryf die onderdrukking en onregte wat gepleeg word deur die nasies en volke, soos Babilon.

Die eerste twee Goddelike uitsprake: is ongeregverdige ekonomiese praktyke. Hoe welgestelde mense onregverdige wins en belaglike rentes verwag. Dit is om mense in die skuld te hou, om so hulself te verryk deur skelm praktyke.

Die derde Goddelike uitspraak: is slawe arbeid ,swak behandeling van volksgenote, mense, om soos diere te arbei en dreig hulle met straf as hulle nie produseer nie.

Die vierde Goddelike uitspraak: teiken die misbruik van alkohol van onverantwoordelike volks Leiers. Terwyl die volk onderdruk word en swaar kry onder hulle swak leierskap , terwyl daar partyjie gehou word en verkwisting van fondse gebeur.

En die laaste Goddelike uitspraak: onbloot die afgodery wat soos n enjin die nasies voort drywe. Dit is hulle wat Geld en Mag en Nationale sekiriteit in gode verander , en offer hul getrouheid as offerande daaraan toe. En so word hierdie Nasies slawe van hulle eie nationale ryke en state.

Al hierdie strafgerigte, sondes en ongeregtihede, wat hier beskryf word, is nie uniek tot Babilon nie, maar is juis die punt wat YHWH bewys. Gegee die huidige situasies in die wereld om ons, sien ons die nasies soos Babilon optree.

En dit is hoe YHWH, Habakuk antwoord. Net soos in hierdie boek van Habakuk, so antwoord YHWH alle nasies vandag, dat almal wat lewe in hierdie wereld vandag, regeer word deur die een of ander vorm van Babilon.

Maar dit laat nog die vraag: Gaan YHWH hierdie toestand veraltyd so laat aangaan? En die antwoord is wat Hoofstuk 3 van die boek van Habakuk ons gee.

Die gebed van Hábakuk:

(Háb 3:2) YHWH, ek het die tyding aangaande U verneem, ek het gevrees! YHWH, roep u werk in die lewe in die midde van die jare; in die midde van die jare laat dit bekend word. In toorn, dink aan ontferming.

Hier pleit Habakuk by Vader YHWH om te reageer in die huidige situasie , soos Hy in die verlede gedoen het om korrupte nasies te vernietig. En wat volg is n baie antieke gedig. Dit beskryf eerstens die magtige en die verskriklike verskyning van YHWH.

(Háb 3:3) God kom van Teman en die Heilige van die berg Paran. Sela. Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van sy lof.
(Háb 3:4) En glans soos sonlig is daar, ligstrale aan sy sy; en dáár is die omhulsel van sy krag.
(Háb 3:5) Voor Hom uit loop die pes, en 'n koorsgloed trek uit agter Hom aan.
(Háb 3:6) Hy tree op en laat die aarde wankel, Hy kyk en laat nasies opskrik; verpletterd lê die ewige berge, en neergesink die ou, ou heuwels—paaie van die ou tyd vir Hom.
(Háb 3:7) Ek sien die tente van Kusan met onheil oordek, en die tentdoeke van die land Mídian bewe.

Hier is die ooreenkomste baie soos met boeke van Miga en Nahum in die opening tekste. Dit vergelyk ook baie soos met die verskyning van YHWH op die Berg Sinai in die boek van Eksodus. Daar is wolke en vuur en aardbewings teenwoordig. Wanneer Vader YHWH verskyn om die menslike boosheid te konfronteer, elke persoon sal aandag skenk en elkeen sal begin notiesie neem van wat gebeur.

Habakuk beskryf dat YHWH sal weereens Sy reg laat geskied oor die hoof van die bose huis van hierdie wereld. Faroa en Babilon word as n tipe van geweldenaar van die nasies uitgewys. Maar terselfdertyd word ons vertel dat wanneer YHWH die boosheid gaan konfronteer, Hy SY volk en Sy mense as die Gesalfde een sal beskerm en verlos van die boosheid.

So die gedig van die Eksodus van die verlede , word n beeld van die toekomstige Eksodus, wat YHWH sal uitvoer in die toekoms. Hy sal die Babilons en die Faroas van die hede net soos in die verlede uitwis en tot niet maak. Hy sal geregtigheid bring aan sy volk en die

verdruktes  en die onskuldiges redding gee. En dit is met hierdie hoop en lof wat Habakuk mee kan afsluit.

Alhoewel die wereld uit mekaar spat, in droogte en hongersnood en oorlog verkeer , sal Habakuk kies om met vreugde op YHWH te vertrou in sy verbonds beloftes. En so het Habakuk met die einde van die boek n helder skynede voorbeeld geword, van hoe om in geregtigheid te lewe in geloof. Habakuk erken dat die wereld om ons donker en vreeslik kan wees en dat ons lewens soms chahoties kan wees. Hy nooi ons egter uit op n reis van geloof, en vertroue, en dat YHWH hierdie aarde meer lief het as wat ons dit liefhet, en dat Hy sal deel met die boosheid van die wereld.

(Háb 3:17)  Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie—

(Háb 3:18)  nogtans sal ek jubel in YHWH, ek sal juig in die God van my heil.

***Ek sluit af met die volgende:***

(Sag 8:1)  En die woord van YHWH van die leërskare het gekom en gesê:

(Sag 8:2)  So spreek YHWH van die leërskare: Ek ywer oor Sion met 'n groot ywer, ja, Ek ywer met groot grimmigheid daarvoor.

(Sag 8:3)  So sê YHWH: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van YHWH van die leërskare: Die heilige berg.

(Sag 8:4)  So sê YHWH van die leërskare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit—elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae.

(Sag 8:5)  En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel.

(Sag 8:6) So sê YHWH van die leërskare:(Vraag) As dit te wonderbaar is in die oë van die oorblyfsel van hierdie volk in dié dae, sal dit ook in my oë te wonderbaar wees? spreek YHWH van die leërskare.

(Sag 8:7) So sê YHWH van die leërskare: Kyk, Ek gaan my volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste

(Sag 8:8) en hulle aanbring; en hulle sal midde-in Jerusalem woon. Dan sal hulle vir My ‘n volk wees, en Ék sal vir hulle ‘n God wees, in trou en geregtigheid.

(Sag 8:9) So sê YHWH van die leërskare: Laat julle hande sterk wees, julle wat in hierdie dae sulke woorde gehoor het uit die mond van die profete op die dag toe die fondament gelê is van die huis van YHWH van die leërskare, die tempel, om gebou te word.

(Sag 8:10) Want vóór hierdie dae het die mense geen loon getrek nie, ook vir die diere was daar geen loon nie; en vir die wat uit— en ingaan, was daar weens die teëstander geen veiligheid nie; want Ek het al die mense die een teen die ander losgelaat.

(Sag 8:11) Maar nou sal Ek vir die oorblyfsel van hierdie volk nie wees soos in vroeër dae nie, spreek YHWH van die leërskare.

(Sag 8:12) Want die saad van vrede, die wingerdstok, sal sy vrug gee, en die aarde sy opbrings lewer, en die hemel sal sy dou skenk; en die oorblyfsel van hierdie volk sal Ek al hierdie dinge laat beërwe.

(Sag 8:13) En soos julle ‘n vloek gewees het onder die nasies, o huis van Juda en huis van Israel, so sal Ek julle verlos, dat julle ‘n seën kan wees. Wees nie bevrees nie, laat julle hande

sterk wees.

(Sag 8:14)  Want so sê YHWH van die leërskare: Soos Ek My voorgeneem het om julle kwaad aan te doen, toe julle vaders My vertoorn het, sê YHWH van die leërskare, en Ek daar geen berou van gehad het nie—

(Sag 8:15)  so het Ek My weer voorgeneem om in hierdie dae goed te doen aan Jerusalem en die huis van Juda. Wees nie bevrees nie.

(Sag 8:16)  Dit is die dinge wat julle moet doen: (dit is soos n opdrag vir ons of n voorwaarde en versoek)  Spreek die waarheid met mekaar; beoefen waarheid en ‘n regspraak van vrede in julle poorte!
(Sag 8:17)  En julle moet nie mekaar se onheil in jul hart versin nie, en nie die valse eed liefhê nie. Want dit alles haat Ek, spreek YHWH.

Baie dankie Voorsitter…

Jurgens van Zyl